# Sweef Hoër
# Kurrikulum en Leiersgids

Aanvullende Christelike onderrigmateriaal
tot die Vlieg-Vlinder-Vliegkurrikulum

Vlieg-Vlinder-Vliegprojek
om kinderhandel te stop

deur Diana Scimone

Sweef Hoër
© 2012 Born to Fly International, Inc.
deur Diana Scimone

Gepubliseer deur Born to Fly International, Inc.
P O Box 664
Fort Mill, South Carolina 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

ISBN 978-0-9729507-8-7

Bybelgedeeltes aangedui as ABA is oorgeneem uit die Afrikaanse Bybel vir Almal 2007/2008 © Bybelgenootskap van Suid Afrika 2007, 2008. Alle regte voorbehou.

Vertaal in Afrikaans deur Marie Smit (vilavreugde@gmail.com)
Erkenning aan Anna-Mart Bakkes vir die titel Vlieg-Vlinder-Vlieg

> Hierdie kurrikulum is opgedra aan die lede van my skrywersgroep (Valerie Kosky, Karen Armistead en Deborah Cole), aan opvoeders Karen Armistead en Georgia Ana Larson, kunstenaar Leah Wiedemer, ontwerper Cathleen Kwas en die baie ondersteuners van Born to Fly International. 'n Woord van spesiale dank aan Mike Bickle, Janet Benton, Sharon Gonzales en Ashley Belerose. Baie dankie dat julle gehelp het dat ek, nes Bloeisetjie, my droom kon bewaarheid.

- Diana Scimone, president, Die Born2Fly-projek om kinderhandel stop te sit.

# Inhoudsopgawe


Droom Groot Drome 3
Inleiding 4
Oorsig van Leiersgids 5
Aanvullende inligting oor die klein verskil tussen kennis van en angs oor ’n saak 7
Sessie 1: Kies vriendskap met Jesus. 8
Sessie 2: Jesus is die getrouste vriend. 11
Sessie 3: Jesus sê dat jy uniek, waardevol en liefde werd is. 14
Sessie 4: Jesus sal altyd daar wees vir jou wanneer jy deur ’n moeilike tyd gaan. 17
Sessie 5: Jesus nooi jou uit na sy "geheime plek" waar Hy jou sal beskerm. 19
Sessie 6: Jesus help jou om veilig en suksesvol te wees terwyl jy jou drome navolg. 22
Aanvullende Bronne 26
Vir meer inligting 27

## Droom Groot Drome

### 'n Spesiale woord van die Born to Fly-stigter, Diana Scimone

ʼn Paar jaar gelede moes ons ʼn naam vir ons organisasie om kinderhandel te stop kies. Een van ons raadslede het gesê: "Moenie 'n naam kies wat aantoon wat julle probeer stop nie. Die naam moet aantoon wat julle daarna gaan probeer doen." Dit is hoekom ons die naam Vlieg-Vlinder-Vlieg gekies het. Vandag is die doel dieselfde: Dit is nie net om te keer dat kinders verhandel word nie, maar dat terwyl ons dit doen ons hulle ook die geleentheid gee om groot drome te droom – om te wees soos wat God hulle geskape het. Trouens, ons opdragverklaring lui "Stop kinderhandel … maak kinders vry om te sweef."

Dit is die rede waarom hierdie kurrikulum die klem daarop plaas om kinders te help om 'n spesiale verhouding met God te kan hê sodat hulle in ʼn veilige plek op n suksesvolle manier "groot drome kan droom". God plaas hierdie drome binne-in elkeen van ons. Die drome is ons roeping en ons doelwit. Dit is ook deel van sy plan vir die wêreld.

Omtrent dieselfde tyd wat ons *Born to Fly International* geloods het, het my Bybelstudiegroep besluit om Hooglied van Salomo te bestudeer. Dit is een van die kortste boeke in die Bybel, maar ons het twee jaar geneem om ons studie te voltooi! Ons het ʼn maand geneem om een Bybelteks te bespreek. Teen die einde van die twee jaar het ons almal gevoel dat ons nog nie eers aan die werklike diepte van hierdie kort boek geraak het nie.

Daardie twee jaar het my hele lewe verander en Hooglied van Salomo het my gunstelingboek in die Bybel geword. Een van my gunstelingverse is "**Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop**!" (Hooglied 1:4 ABA) Dit is ʼn kernteks om kinders te help om ʼn spesiale vriendskap met Jesus te hê en "God se drome" met Hom langs hulle te droom.

Soos jy deur hierdie kurrikulum werk, sal God vir jou geleenthede gee om na elke kind in jou klas se drome te luister en dit te bevestig – daardie drome wat God self daar geplaas het.

Ons verwelkom jou kommentaar en voorstelle. Skryf aan ons by info@born2fly.org of skryf aan Born to Fly, PO Box 664, Fort Mill SC 29708, USA. Baie dankie dat jy deel vorm van ons droom om kinderhandel te stop. Ons is dankbaar vir jou deelname.

Diana Scimone
President, The Born2Fly-projek om kinderhandel te stop

"Droom die drome wat die rigting van die wêreldsgeskiedenis sal verander."
(- Bill Johnson)

# Inleiding

*Sweef Hoër* is ʼn Christelike leerplan wat ontwerp is om die algemene Vlieg-Vlinder-Vlieg-leerplan aan te vul. Dit is nie ontwerp om dit te vervang nie. Dit is ook nie ʼn leerplan op sy eie nie. Dit voorsien aanvullende materiaal wat jy kan gebruik om die Bybelse konsepte in die Vlieg-Vlinder-Vlieg se woordlose boekie te onderrig.

Hierdie aanvullende materiaal bestaan net soos in die algemene leerplan uit twee dele: een vir jonger kinders en een vir leerder-aanbieders.

Afhangende hoeveel tyd jy tot jou beskikking het tydens elke sessie, kan jy hierdie aanvullende materiaal terselfdertyd as die algemene leerplan, of tydens ʼn aparte opvolgsessie, onderrig. Hoe dit ook al gedoen word, beveel ons aan dat hierdie aanvullende materiaal direk na die sessie waarmee dit ooreenstem, onderrig word.

Die doel van hierdie leerplan is om kinders te help om te kies om ʼn verhouding met Jesus op ʼn hoër vlak te ervaar en dat hulle weet hoe lief Hy hulle het. Dit sal hulle help om veilig en suksesvol te wees, terwyl hulle hul drome navolg.

Kinders kan normale "goeie" Christelike lewens leef, maar as hulle nie die werklikheid van hoe God-hulle sien, verstaan nie, en hulle nie die diepte van sy liefde vir hulle leer ken nie, sal hulle nooit die volle verhouding wat Jesus vir hulle begeer, ervaar nie. Dit is waarom dit krities is vir hulle om hulle identiteit in Christus te ontdek.

As Christene is ons baie keer slegs vir God lief, omdat ons weet dat ons veronderstel is om dit te doen. Wat as ons kinders vanaf ʼn baie jong ouderdom kan leer dat daar baie meer is om te ervaar? Wat as hulle kan weet van sy ontsaglike liefde vir hulle – en hoe Hy werklik dit begeer dat hulle hul drome en die doelwitte wat Hy in hulle geplaas het, kan vervul?

Dit is die doel van *Sweef Hoër*. Baie kinders is goed daarmee om Bybeltekste te memoriseer en teologiese feite te leer, soos "God het my lief", maar hulle het dikwels nie die vaardigheid geleer om daardie kennis in hulle eie lewens aan te wend nie. Afhangende van hulle geestelike opvoeding mag hulle dalk nie eers weet dat hulle veronderstel is om dit te doen nie. Dit is hoekom ons ʼn tweeledige doelwit vir hierdie aanvullende materiaal het:

1. Gee aan kinders Bybelse waardes, soos wat ons in die Vlieg-Vlinder-Vliegstorie onderrig.

2. Leer hulle hoe om hierdie waardes in die alledaagse lewe toe te pas – veral hoe om te keer dat hulle verhandel word en hoe hulle hul drome moet navolg op ʼn veilige manier.

Dit is die verskil tussen die boom van kennis en die boom van die lewe. Ons doel is om vir ons kinders vrugte van die boom van die lewe te gee om te eet. Ons is geëerd om dit saam met jou te doen.

# Oorsig van Leiersgids

Sessie 1: Kies vriendskap met Jesus.

Sessiedoelwitte is:

- om kinders te help om te verstaan dat Jesus hulle uitnooi om ŉ intiemer verhouding - ŉ spesiale vriendskap - met Hom te hê.
- om kinders daarvan bewus te maak dat hulle kan kies om "ja" te sê vir sy uitnodiging.
- om hulle leiding te gee om "ja" te antwoord op sy uitnodiging.

Kernteks: "**Die man vir wie ek lief is, begin praat, hy sê vir my: 'My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom."** (Hooglied 2:10 ABA)

Vir leerder-aanbieders: "**My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom."**

Woordlose boekie: voorblad – bladsy 25

Sessie 2: Jesus is die getrouste vriend.

Sessiedoelwitte is:

- om kinders te help om te verstaan wat dit beteken om ŉ vriend van God te wees.
- om hulle te help hoe om ŉ vriend van God te wees.
- om hulle te leer dat Jesus die getrouste vriend is.
- om hulle te oortuig dat vriendskap met Jesus vir hulle veilig, gesond en vry sal hou waneer hulle hul drome navolg.

Kernteks: **"Sy mond smaak soet, en alles aan hom is mooi. Vroue van Jerusalem, dit is die man vir wie ek lief is, dit is my vriend."** (Hooglied 5:16 ABA)

Vir leerder-aanbieders: "**Sy mond smaak soet, en alles aan hom is mooi."**

Woordlose boekie: bladsye 26 – 34

Sessie 3: Jesus sê dat jy uniek, waardevol en liefde werd is.

Sessiedoelwitte is:

- om kinders te leer dat Jesus sê dat hulle uniek, waardevol en liefde werd is.
- om hulle te leer dat indien hulle Jesus liefhet, selfs al maak hulle ŉ fout, sal sy liefde vir hulle nooit verander nie.
- om hulle te leer dat vriendskap met God nie afhang van wat hulle gedoen het of nie gedoen het nie.

Kernteks: **"ek is bruin gebrand, maar ek is mooi"** (Hooglied 1:5 ABA).

Vir leerder-aanbieders: "**ek is bruin gebrand, maar ek is mooi"**

Woordlose boekie: bladsye 27-53

Sessie 4: Wanneer jy deur ŉ moeilike tyd gaan, sal Jesus altyd daar wees vir jou.

Sessiedoelwitte is:

- om kinders te help om te verstaan dat wanneer hulle deur moeilike tye gaan, Jesus altyd daar sal wees vir hulle.
- om hulle te leer dat hulle maar net kan vra vir sy hulp.
- om hulle te leer dat Hy op ŉ ander manier kan antwoord as wat hulle verwag.

Kernteks: "**Die vroue sê: 'Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?'"** (Hooglied 8:5 ABA)
Vir leerder-aanbieders: **"Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?"**
Woordlose boekie: bladsye 54-68

Sessie 5: Jesus nooi jou uit na sy "geheime plek" waar Hy jou sal beskerm.
Sessiedoelwitte is:

- om kinders te leer dat Jesus hulle uitnooi na ŉ geheime plek waar Hy hulle sal beskerm en liefhê.
- om hulle te leer dat hierdie geheime plek dwarsdeur die Bybel genoem word; ons is bevoorreg om daar te kan woon.
- om hulle daaraan te herinner dat die geheime plek nie altyd maklik is nie, maar dit is waar Hy belangrike lesse met ons deel.

Kernteks: "**Jy is soos 'n duif tussen die rotse, ŉ duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien, ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi."** (Hooglied 2:14 ABA)
Vir leerder-aanbieders: **"Jy is soos 'n duif tussen die rotse."**
Woordlose boekie: bladsye 69-78

Sessie 6: Jesus help jou om beskermd en suksesvol te wees wanneer jy jou drome navolg.
Sessiedoelwitte is:

- om kinders te help om te verstaan dat God ŉ groot droom binne-in hulle geplaas het.
- om hulle te leer dat wanneer hulle tyd saam met Hom in die geheime plek deurbring, Hy hulle die wysheid en rigting sal gee om te help dat hulle droom groei.
- om hulle te leer dat Jesus met hulle wil saamwerk en hulle help om hulle drome te bewaarheid.

Kernteks: **"Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop!"** (Hooglied 1:4 ABA)
Vir leerder-aanbieders: **"Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop!"**

Nota aan aanbieders: Ons het nie ŉ spesifieke tydstip in die leerplan waar jy die kinders in ŉ gebed tot bekering kan lei nie, want ons laat dit aan jou oor om te bepaal wanneer die regte tyd daar is en jou kinders gereed sal wees.

# Aanvullende inligting oor die klein verskil tussen kennis van en angs oor ŉ saak

Die algemene Vlieg-Vlinder-Vliegleerplan het spesifieke voorstelle om jou te help om jou kinders bewus te maak van mensehandel sonder om hulle bang te maak. Hier is nog idees vanuit ŉ Christelike perspektief gesien:
Laat die kinders hulle vrese neerskryf. Soek dan saam met hulle na Bybeltekste wat daardie leuens weerspreek. Help hulle om te begryp dat die vrese, terwyl dit bestaan, strydig is met wat God se Woord sê, byvoorbeeld **"God het die Heilige Gees vir ons gegee, en daarom is ons nie bang nie. Nee, die Heilige Gees maak ons sterk en help ons om lief te wees vir mense en om reg te besluit wat ons moet doen."** (2 Timoteus 1:7 ABA). Indien jy hiervan ŉ aktiwiteit maak en saam met die kinders die spesifieke tekste naslaan, sal dit soveel meer vir hulle beteken as wat jy bloot die tekste vir hulle voorlees. Laat die kinders dit op papier neerskryf en dit versier. Laat hulle dit ook selfs tuis of by die skool, indien moontlik, ophang waar hulle dit kan sien. Jy kan dit ook as ŉ geleentheid gebruik vir die kinders om die tekste wat hulle gekry het, te memoriseer.

Speel Bybelse liedere vir hulle - Skrifgebaseerde liedere of eenvoudige liedjies soos "Jesus Loves Me" - wat die waarhede oor God bevestig. As kinders snags bang is, speel hierdie liedjies saggies in hulle kamers wanneer hulle gaan slaap.

Jy en jou personeel kan teen die gees van vrees bid. Bid dat die kinders ŉ openbaring van God ontvang oor God se liefde en beskerming wat Hy vir hulle bied.

# Sessie 1: Kies vriendskap met Jesus.

**Fokus van algemene leerplan:** Keuses het gevolge.

**Fokus van *Sweef Hoër*-leerplan:** Kies vriendskap met Jesus.

**Sessiedoelwitte is om:**

- kinders te help verstaan dat Jesus hulle uitnooi om ŉ ander kwaliteit vriendskap met Hom te hê – ŉ spesiale vriendskap.
- kinders te leer hoe om "ja" te sê vir sy uitnodiging.
- hulle te lei om "ja" te sê vir sy uitnodiging.

**Woordlose boekie:** voorblad – bladsy 25

**Kernteks: "My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom."** (Hooglied 2:10 ABA)

**Benodigdhede:** Voorbeelde van verskillende soorte uitnodigings in jou kultuur, soos byvoorbeeld na die doop van ŉ baba, ŉ verjaardag of ŉ troue. Indien jy nie gedrukte uitnodigings het nie, berei dan beskrywings voor van hoe jy iemand na ŉ geleentheid kan uitnooi. Kunspapier, gom, viltpenne, enige natuurlike items wat beskikbaar is, soos blare, blomblare, klein takkies, ens.

**Vir sessie vir leerder-aanbieders:** Al die bogenoemde materiaal sowel as joernale.

**Voorbereiding vir klas:** Lees die sessie se notas en kies die vrae wat jy dink die beste by jou spesifieke groep pas. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les so aan te pas dat jou klas dit sal verstaan.

**Hersiening:** Herinner die kinders daaraan dat *Vlieg-Vlinder-Vlieg* ŉ allegorie (simboliese voorstelling) is, wat beteken dat dit ŉ storie oor ŉ dier of ŉ nie-menslike figuur is wat vir ons spesiale lesse inhou. *Vlieg-Vlinder-Vlieg* is ŉ allegorie oor hoe om veilig en suksesvol te wees wanneer jy jou drome navolg. Vra vir of deel voorbeelde van allegorieë uit die letterkunde in jou eie kultuur.

**Begin sessie 1:** Herinner die kinders aan Bloeiseltjie se vriendskap met Silwerwind. Praat met die kinders oor vriendskap.

- Is daar verskillende soorte vriende?
- Bespreek Bloeiseltjie se vriendskap met Silwerwind, haar broer en met Papi.
- Hoe het haar vriendskappe met die verskillende karakters in die storie verskil?
- Was dit Bloeiseltjie se keuse of sy met Silwerwind wil vriende wees? (Ja, sy kon gekies het om nie vriende met hom te wees nie.)
- Wat was die gevolge of resultate van daardie keuse? (Hy het haar gehelp om slim keuses te maak.)

Praat oor uitnodigings in jou kultuur, byvoorbeeld hoe ŉ uitnodiging lyk (of klink, indien dit ŉ mondelinge uitnodiging is) na ŉ verjaardagpartytjie, ŉ troue, ŉ gradeplegtigheid, die doop van ŉ baba, ens. Jy kan ook met die kinders bespreek hoe jy mense uitnooi om ŉ spesiale geleentheid te vier. Verduidelik dat wanneer jy ŉ uitnodiging ontvang, jy moet antwoord om te sê of jy dit aanvaar of nie. Bespreek die verskillende maniere waarop jy dit in jou kultuur doen.

Verduidelik dat daar 66 boeke in die Bybel is en een daarvan is Hooglied van Salomo. Dit is een van die kortste boeke in die Bybel maar het een van die belangrikste boodskappe – ŉ spesiale uitnodiging vir ons. Hooglied handel oor Jesus se uitnodiging aan ons om ŉ wonderlike en ŉ spesiale vriendskap met Hom te hê.

Lees die kernteks vir hierdie sessie, nl. Hooglied 2:10 ABA. Jesus vra vir ons om "op te staan". "Opstaan" beteken "staan op en gaan hoër". Dit is ŉ uitnodiging van Jesus om ŉ spesiale vriendskap met hom te hê. Ons het ŉ keuse oor hoe ons daarop reageer.

**Gebedstyd:** Speel aanbiddingsmusiek saggies en laat die kinders stil sit. Verduidelik dat hulle nou gaan oefen om na God te luister. Hy is altyd bereid om met ons te praat; ons moet net eenvoudig leer hoe om te luister en daarna te kyk. Dit verg oefening. Soms praat Hy met ons in woorde en soms in prente. Herinner die kinders daaraan dat Hooglied handel oor Jesus se begeerte om ŉ wonderlike en spesiale vriendskap met hulle te hê. Lees Hooglied 2:10 ABA weer en sê dat dit Jesus se uitnodiging aan hulle is. Moedig die kinders aan om na Jesus se uitnodiging te luister en dan daarop te reageer deur "ja" te sê. Vra Jesus om aan hulle te sê hoekom Hy dink dat hulle so spesiaal is. Moenie nou haastig wees nie. Wag en laat die kinders met Hom praat. Daarna kan jy vir hulle geleentheid gee om te deel wat hulle by Hom gehoor het.

**Aktiwiteit:** Wys weer die uitnodigings aan die kinders. Gebruik dan die materiaal wat jy voorsien het. Laat hulle hul eie uitnodigings maak op grond van wat hulle van Jesus gehoor het of wat Hy vir hulle gedurende die gebedstyd gewys het. Gee so min as moontlik jou eie idees sodat die kinders so kreatief as moontlik kan wees wanneer hulle hul eie uitnodigings ontwerp.

**Mensehandelverband:** Herinner die kinders daaraan dat om ŉ spesiale verhouding met Jesus te hê, hulle sal help om die regte keuses te maak en veilig en suksesvol te wees wanneer hulle hul drome navolg. ŉ Vriend wat die manier waarop Jesus dinge doen liefhet, hou ŉ jong persoon veilig, gesond en vry.

**Aanvullend tot sessie 1 vir leerder-aanbieders**
**"Jy moet opstaan, jy moet kom."**
*Laat 30 minute ekstra toe om die aanvullende materiaal te behandel.*

- Ons fokus vandag is nie net op jong kinders nie, maar op almal. Hooglied handel oor Jesus se begeerte om ŉ wonderlike en spesiale verhouding met ook die leerder-aanbieders te hê. Lees ons kernteks vir die sessie en bespreek met die leerder-aanbieders hoekom Jesus hulle "my mooiste" noem. Hoekom is Julle mooi?
- Voel julle mooi? Hoekom? Hoekom nie?
- Van watter soort skoonheid praat Jesus?
- Is daar ŉ verskil tussen innerlike en uiterlike skoonheid?

- Watter een dink jy is die belangrikste vir Jesus?
- Hoe laat dit jou voel om te weet dat Jesus jou “my mooiste” noem?

Verduidelik dat ons in die volgende sessies sal ons leer hoekom Jesus ons “mooi” noem – al voel ons nie so nie.

**Gebedstyd:** Speel sagte aanbiddingsmusiek en laat die leerder-aanbieders elkeen ŉ gemaklike plek vind om rustig met God te kan verkeer. Herinner hulle daaraan dat Hooglied daaroor handel dat dit Jesus se begeerte is om ŉ wonderlike en ŉ spesiale vriendskap met hulle te hê. Gee opdrag dat hulle hul oë moet sluit en na Jesus se uitnodiging aan hulle moet luister. Verduidelik dat Hy in woorde of prente kan praat.

Lees na ŉ rukkie Hooglied 2:10 en vra die leerder-aanbieders om saggies by hulself op Jesus se uitnodiging te antwoord. Herinner hulle daaraan dat as iemand ŉ uitnodiging aan ons rig, moet ons daarop antwoord. Laat hulle vir ŉ rukkie met Jesus praat. Vra Hom dat Hy vir hulle sal vertel hoekom Hy dink dat hulle so mooi is. Gee dan ŉ geleentheid dat hulle kan deel wat hulle gehoor het wat Jesus vir hulle sê.

**Aktiwiteit:** Laat die leerder-aanbieders buitentoe gaan en rond stap om na die skoonheid van God se skepping te kyk. Wys voorbeelde uit en vra hulle om dieselfde te doen. Laat hulle blare, blomblare, takkies en ander items uit die natuur versamel. Gaan terug klaskamer toe en laat die leerder-aanbieders ŉ uitnodiging ontwerp soos wat hulle dink Jesus se uitnodiging sal lyk. Vra dat hulle dit in hulle joernale sal hou as ŉ herinnering daaraan dat Jesus hulle roep om “op te staan” – en dat hulle daarop reageer het.

Vra die leerder-aanbieders om nou of ten minste voor die volgende sessie die volgende in hulle joernale te skryf:

- Wat het Jesus gedurende die gebedstyd aan jou gesê – sy uitnodiging.
- Hoe het jy op sy uitnodiging reageer? Jy kan dit in die vorm van ŉ brief aan Jesus skryf.
- Skryf twee dinge neer wat jy jonger kinders sal vertel oor wat dit beteken om ŉ vriend van Jesus te wees en hoe dit jou in jou lewe sal help.

# Sessie 2: Jesus is die getrouste vriend.

**Fokus van algemene leerplan:** Ken jou ware vriende.

**Fokus van *Sweef Hoër*-leerplan:** Jesus is die getrouste vriend.

**Sessiedoelwitte is om:**

- kinders te help verstaan wat dit beteken om ŉ vriend van God te wees.
- hulle te wys hoe om ŉ vriend van God te wees.
- hulle te leer dat Jesus die getrouste vriend is.
- hulle te oortuig dat vriendskap met Jesus hulle sal veilig, gesond en vry hou terwyl hulle hul drome navolg.

**Kernteks**: "**... dit is die man vir wie ek lief is, dit is my vriend."** (Hooglied 5:16 ABA)

**Woordlose boekie:** bladsye 26-34

**Benodigdhede:** Materiaal vir vriendskapsraam

**Vir leerder-aanbieders:** Joernale

**Voorbereiding vir klas:** Lees die sessie se notas en kies die vrae wat jy dink die beste by jou spesifieke groep pas. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les so aan te pas dat jou klas dit sal verstaan.

**Hersiening van sessie 1:** Gebruik ŉ paar minute om die vorige sessie, waar ons geleer het dat Jesus hulle uitnooi tot ŉ intiemer verhouding met Hom, ŉ spesiale vriendskap, te hersien. Hulle kan kies om "ja" te antwoord op hierdie uitnodiging.

**Begin sessie 2:** In hierdie sessie sal ons leer wat dit beteken om ŉ vriend van Jesus te wees en hoe dit ons sal help om ons drome na te volg. Bespreek die volgende met die kinders:

- Noem ŉ paar verskillende soorte vriendskappe.
- Is iedereen jou beste vriend?
- Hoe weet jy iemand is jou beste vriend of net ŉ bekende?
- Stel vriende, selfs jou beste vriend, jou soms teleur?

Herinner die kinders daaraan wat Bloeiseltjie besig is om oor ware vriende te leer, ook oor daardie vriende wat net maak asof hulle haar vriende is, en oor die Droomdiewe.

- Wie was Bloeiseltjie se ware vriende? (Kriek en Paddavis)
- Wie het soos haar vriende opgetree maar was inderwaarheid nie haar vriende nie? (Droomdiewe)

Lees Hooglied 5:16 en verduidelik dat hierdie teks oor Jesus praat. Hy is die enigste vriend wat ons nooit sal teleurstel nie. Hy sal ons altyd liefhê. Ons kan Hom vertrou, want Hy is ŉ ware vriend.

Lees die volgende tekste aan die kinders voor (of vra die kinders om dit hardop voor te lees.):

> "So het ook gebeur wat in die Ou Testament geskryf is: Abraham het God geglo, en God het hom vrygespreek. Daarom het God gesê Abraham is sy vriend." (Jakobus 2:23 ABA)
>
> "Die beste bewys van liefde is wanneer iemand vir sy vriende sterf sodat sy vriende kan lewe. Julle is my vriende as julle doen wat Ek sê. Ek noem julle nie meer slawe nie, want ŉ slaaf weet nie wat sy eienaar doen nie. Ek noem julle vriende, want Ek het vir julle alles vertel wat Ek by my Vader gehoor het." (Johannes 15:13-15 ABA)

- Wat is die verskil tussen ŉ slaaf en ŉ vriend? Watter een sê Jesus is jy? (sy vriend)
- Hoe kan jy ŉ vriend van Jesus wees? (deur vir Hom lief te wees, Hom te volg, in Hom te glo, deur die Bybel te lees en so van Hom te leer, deur met Hom deur gebed te praat)

**Mensehandelverband:** Verduidelik aan die kinders dat deur ŉ intieme vriendskap met Jesus te hê, kan hulle veilig wees teen mensehandel. In Johannes 15:13-15 ABA praat Jesus oor die verskil tussen ŉ slaaf en ŉ vriend. Wanneer jy verhandel word, is jy iemand se bediende of slaaf – selfs al sê hulle dat hulle jou vriend is. Jy kan ŉ ware vriend uitken aan wat hy doen, nie aan wat hy sê nie.

**Gebedstyd:** Speel sagte instrumentale aanbiddingsmusiek op die agtergrond. Sê aan die kinders dat hulle nou rustig na Jesus se stem gaan luister. Verduidelik dat Jesus nie op ons skree nie, maar dat hy met "sagte stem" praat. Ons moet dus baie versigtig luister. Herinner hulle daaraan dat Hy soms in woorde en ander kere deur prente praat. Laat hulle weer aan die uitnodiging dink wat Jesus aan hulle gerig het gedurende die vorige sessie, toe Hy hulle gevra het om ŉ spesiale vriendskap met Hom te hê. Laat die kinders Hom nou vra wat daardie vriendskap spesifiek beteken en hoe hulle ŉ vriend van Hom kan wees. Vra Hom om vir hulle ŉ prent te wys van Hom en hulle as vriende. Laat tyd toe dat die kinders God se stem kan hoor en Hom sien deur hulle geestelike oë. (Efesiërs 1:18 ABA). Laat die kinders dan met mekaar deel wat hulle by Hom gehoor het en wat hulle gesien het. Bemoedig hulle wanneer hulle daaroor praat.

**Aktiwiteit:** Laat die kinders ŉ tweede vriendskapsraam maak. Hierdie keer moet hulle hulself saam met Jesus teken. Indien Hy iets spesifieks vir hulle gedurende gebedstyd gesê het, kan hulle dit ook in die vriendskapsraam skryf.

**Aanvullend tot sessie 2 vir leerder-aanbieders**
**"... dit is die man vir wie ek lief is, dit is my vriend."**
*Laat 30 minute ekstra toe om die aanvullende materiaal te behandel.*

Lees ons kernteks vir hierdie sessie en bespreek dit dan met die leerder-aanbieders. Verduidelik aan hulle dat God dikwels natuurlike voorbeelde in die Bybel gebruik om ŉ geestelike beginsel te duidelik te maak. Die huwelik is die mees intiemste van alle verhoudings.

- ŉ Paartjie trou omdat hulle meer as net vriende is.
- Hulle is op ŉ emosionele vlak aan mekaar verbind, wat baie hoër is as enige ander menseverhouding.
- Wanneer twee mense verlief is, wil hulle vir die res van hulle lewe saam wees.

- Hulle sal niks toelaat om hulle te skei nie, behalwe die dood.
- Hulle wil dié persoon die eerste in die oggend sien en ook die laaste voor hulle gaan slaap.
- Hulle liefde is so sterk dat dit lyk asof hulle nooit naby genoeg aan mekaar kan wees nie.
- Hulle kan in mekaar se arms tot rus kom, want hulle weet dat die een die ander aanvaar en liefhet.

Dit is die verhouding wat die Here begeer om met ons te hê. Deel nou tekste soos Jesaja 54:5, Openbaring 19:7-9, Mattheus 9:15 en Mattheus 25:1-3. Hierdie tekste beklemtoon dat Jesus ons bruidegom is. Dit mag ŉ moeilike konsep wees vir die jeug om te verstaan, veral vir seuns en jongmanne. Vra die Heilige Gees om dit vir hulle duidelik te maak. Dit is ŉ kernbegrip vir gelowiges om te verstaan. Verduidelik dat die Hooglied van Salomo ŉ boek is wat oor hierdie spesiale verhouding met Jesus handel.

**Gebedstyd:** Laat die leerder-aanbieders rustig en stil in gebed verkeer terwyl jy sagte instrumentale musiek speel. Hulle moet in gebed vra dat hulle die begrip dat Hy hulle bruidegom-koning is, kan verstaan. Lees die bogenoemde tekste saggies weer voor. Herinner hulle daaraan dat indien hulle nie hierdie konsep verstaan nie, mag hulle Jesus vra dat Hy dit self aan hulle verduidelik.

Laat hulle in hulle joernale skryf of teken wat Hy vir hulle vertel of gewys het.

## Sessie 3: Jesus sê dat jy uniek, waardevol en liefde werd is.

**Fokus van algemene leerplan:** Jy is uniek, waardevol en liefde werd.

**Fokus van *Sweef Hoër*-leerplan:** Jesus sê dat jy uniek, waardevol en liefde werd is.

**Sessiedoelwitte is om:**

- kinders te leer dat Jesus sê dat hulle uniek, waardevol en liefde werd is.
- hulle te oortuig dat selfs al maak hulle ŉ fout, maar hulle het Jesus lief, verander sy liefde vir hulle nooit.
- hulle te oortuig dat hulle vriendskap met God nie afhang van wat hulle gedoen of nie gedoen het nie.

**Kernteks: "ek is bruin gebrand, maar ek is mooi, so mooi soos die tente in die land van Kedar, soos die tente van Salomo. Julle kyk na my omdat ek bruin gebrand is, omdat die son my so gebrand het. Julle moenie so na my kyk nie"** (Hooglied 1:5, 6 ABA)

**Woordlose boekie:** bladsye 27-53

**Benodigdhede:** Geen

**Vir leerder-aanbieders:** Joernale

**Voorbereiding vir klas:** Lees die sessie se notas en kies die vrae wat jy dink die beste by jou spesifieke groep pas. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les so aan te pas dat jou klas dit sal verstaan.

**Hersiening van sessie 2:** Gebruik ŉ paar minute om die vorige sessie, waar ons geleer het dat Jesus hulle uitnooi tot ŉ intiemer verhouding, ŉ spesiale vriendskap met Hom, te hersien. Hulle kan kies om "ja" te antwoord op hierdie uitnodiging

**Begin Sessie 3:** Herinner die kinders daaraan dat die derde les wat Bloeiseltjie geleer het, was "Jy is uniek, waardevol en liefde werd." In die vorige sessie mag die kinders gevoel het dat hulle vriendskap met Jesus gebaseer is op grond van wat hulle vir hom doen en hoe goed hulle is. Lees Efesiërs 2:8-9 ABA: **"God het julle gered omdat Hy baie goed is vir julle, julle wat in Christus glo. Julle het julle nie self gered nie. Nee, Gód het julle gered, Hý was so goed vir julle. God het julle gered, maar Hy het dit nie gedoen omdat julle goeie dinge gedoen het nie. Daarom mag niemand spog nie"**. Verduidelik dat om vriende met Jesus te wees, is ŉ geskenk van God. Dit is nie as gevolg van wat ons doen of hoe goed ons is nie. Kan ons ooit genoeg doen om sy liefde te verdien? Nee, dit is die rede waarom dit ŉ gratis geskenk is. Dit sal vir ons help om steeds Jesus se liefde te voel, selfs al doen ons iets verkeerds. Kies ŉ paar van die volgende tekste om aan die kinders voor te lees en beklemtoon dit dat God self gesê het dat hulle uniek, waardevol en liefde werd is: Sefanja 3:17, Psalm 139:14, 17-18, Lukas 12:21, Jesaja 43:1, Jesaja 49:16, Johannes 1:12 en Johannes 15:15.

Lees die kernteks vir die sessie: **"ek is bruin gebrand, maar ek is mooi, so mooi soos die tente in die land van Kedar, soos die tente van Salomo. Julle kyk na my omdat ek bruin gebrand is, omdat die son my so gebrand het. Julle moenie so na my kyk nie"**. Praat oor die woord "bruingebrand"; maak seker dat die kinders verstaan dat dit niks met velkleur of sonbrand te doen het nie, maar veroorsaak is deur ander faktore. Dit beteken dat al begaan ons selfs foute, ons seker kan wees dat Jesus ons nog steeds liefhet. Die teks beskryf nie ŉ persoon wat teen Jesus in opstand kom nie, maar wel iemand wat Hom liefhet, maar tog foute maak. **"Die mens se gees wil graag doen wat reg is, maar die mens self is te swak om reg te doen."** (Mattheus 26:41 ABA) Bespreek die betekenis van die woord "mooi": verruklik, aangenaam, om ŉ skoonheid te hê wat aantreklik is vir die hart sowel as vir die oog."

- Laat hulle voorbeelde noem van wat mooi is.
- Lees weer die teks en verduidelik dat Jesus dink dat jy "mooi" is selfs al het jy iets verkeerds gedoen. Hy het jou baie lief en niks wat jy ooit doen kan sy liefde vir jou minder of meer maak nie.
- Lees Johannes 1:12 ABA, **"Party mense het Hom aanvaar en hulle het in Hom geglo. Hy het vir hulle gesê hulle mag kinders van God wees."** Wat beteken dit om ŉ kind van God te wees?
- Beteken dit dat jy kan doen wat jy wil? (Nee, want om ŉ vriend van Jesus te wees beteken dat jy dit wat reg is, wil doen.)
- "Onvoorwaardelike liefde" beteken dat ŉ persoon jou steeds liefhet, al doen jy iets verkeerds. Jy is waardevol, nie oor wat jy doen nie, maar omdat jy is wie jy is.
- Hoe bewys Papi in die storie onvoorwaardelike liefde aan Bloeiseltjie? (Toe sy terugkeer huis toe, hardloop hy om haar te verwelkom. Hy het haar vertel wat sy verkeerd gedoen het, maar dit het hom nie gekeer om haar lief te hê nie.)
- Wat beteken dit vir Bloeiseltjie? (Sy sê aan Papi dat sy jammer is dat sy ongehoorsaam aan hom was. Sy weet dat Papi haar liefhet. Sy wil graag beter doen en ŉ volgende keer aan hom gehoorsaam wees.)
- Is daar enigiets wat Bloeiseltjie kan doen dat Papi haar meer lief het? Of haar minder lief het? (Nee) Net so kan jy niks doen om Jesus meer of minder lief vir jou te maak nie.

**Aktiwiteit: V**erdeel die kinders in groepe van ses om die toneel waar Bloeiseltjie terugkeer huis toe op te voer. Kies een persoon om die rol van Bloeiseltjie te speel, een wat Papi speel en die res is die ander ruspers. Laat die kinders eers die toneel opvoer soos dit in die storie gebeur – Papi wag vir Bloeiseltjie om huis toe te kom en verwelkom haar met onvoorwaardelike liefde. Laat die kinders dan ŉ toneel opvoer waar Papi op ŉ teenoorgestelde manier reageer – hy verwelkom haar nie, is kwaad, ens. Bespreek wat die beste reaksie was en hoe die verskillende reaksies vir Bloeiseltjie sou laat voel het.

**Mensehandelverband:** As ons weet dat Jesus dink dat ons uniek, waardevol en liefde werd is, sal ons nie die leuens van mensehandelaars glo wanneer hulle vir ons die teenoorgestelde vertel nie.

**Gebedstyd:** Laat die kinders in stilte rus, terwyl jy sagte instrumentale aanbiddingsmusiek speel. Vra hulle om aan Jesus te dink en dat Hy met vreugde vir hulle glimlag. Moedig hulle aan om te sê: "Ek is bruingebrand, maar mooi." Laat hulle dink aan ŉ tyd toe hulle iets verkeerds gedoen het; vra hulle om na Jesus se woorde vir hulle te luister. Is hulle steeds "bruingebrand, maar

mooi"? Herinner die kinders daaraan dat Jesus soms in woorde en dan weer in prente praat. Laat die kinders vir ten minste vyf minute tyd met die Here deurbring en laat hulle dan deel wat hulle ervaar het.

**Aanvullend tot sessie 3 vir leerder-aanbieders**
**"Ek is bruingebrand, maar mooi."**
*Laat 30 minute ekstra toe om die aanvullende materiaal te behandel.*

Lees die kernteks vir hierdie sessie en bespreek met die leerder-aanbieders wat dit vir hulle beteken. Lees ook die storie van die verlore seun in Lukas 15. Leerder-aanbieders kan dieselfde aktiwiteit as hierbo doen, maar in plaas van Papi en Bloeiseltjie te gebruik, laat hulle hul eie scenario skep van die verlore seun of dogter met die twee verskillende resultate.

- Hoe laat hierdie reaksies jou voel?
- Wat is onvoorwaardelike liefde?
- Wat is die verskil tussen om iemand onvoorwaardelik lief te hê en om blindelings sondige gedrag te ignoreer?
- Hoekom moet jy vergifnis vra wanneer jy iets verkeerds gedoen het? (om God se genade te ontvang)
- Wat moet jy doen nadat jy vergifnis gevra het? (ontvang God se vergifnis en liefde; moenie op jou sonde fokus nie, maar op Hom)
- Wat is die verskil tussen iemand wat doelbewus teen God in opstand kom en ŉ onvolwasse gelowige wat foute maak? (God verwar nie geestelike onvolwassenheid met opstandigheid nie.)

Bespreek die konsep van "bruingebrand, maar mooi". Praat oor die teenstrydigheid tussen om jou eie sonde te ontdek en terselfdertyd ook Jesus se groot liefde vir ons te ervaar.

- Hoe laat dit jou oor jouself voel? En oor Jesus?
- Laat hierdie wete jou voel dat jy graag naby Hom wil wees, of om van Hom af weg te hardloop as jy iets verkeerds gedoen het?
- Hoekom is dit so ŉ belangrike waarheid om te verstaan.
- Hoe help dit vir ons om ander se foute raak te sien?

Lei die leerder-aanbieders deur dieselfde gebed as vir die jonger kinders. Lees saggies 1 Johannes 3:1, 1 Johannes 4:19 en Johannes 15:9. Daar sal dalk ŉ behoefte wees aan geestelike heling wanneer die leerder-aanbieders herinner word aan die sondige dinge wat hulle al in hulle lewe gedoen het. Wees voorbereid om hulle in belydenis en vergifnis te lei, bemoedig hulle deur te sê dat Jesus hulle as "mooi" sien. Herinner hulle daaraan hoe hulle sy uitnodiging vir ŉ spesiale vriendskap met Hom aanvaar het. Herinner hulle ook daaraan dat Hy wil hê dat hulle heilige lewens moet lei en dat Hy hulle die genade sal skenk om dit te kan doen.

Vra hulle om in hulle joernale te skryf wat hulle ervaar het om "bruingebrand, maar mooi" te wees. Hoe laat sy onvoorwaardelike liefde hulle voel?

# Sessie 4: Jesus sal altyd daar wees vir jou wanneer jy deur ʼn moeilike tyd gaan.

**Fokus van algemene leerplan:** Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd.

**Fokus van *Sweef Hoër*-leerplan:** Jesus sal altyd daar wees vir jou wanneer jy deur ʼn moeilike tyd gaan.

**Sessiedoelwitte is om:**

- kinders te help om te verstaan dat wanneer hulle deur moeilike tye gaan, Jesus altyd daar sal wees vir hulle.
- hulle te oortuig dat hulle Jesus altyd om hulp kan vra.
- hulle te leer dat Hy ook op ander maniere hulle kan antwoord as wat hulle verwag.

**Kernteks: "Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?"**(Hooglied 8:5 ABA)

**Woordlose boekie:** bladsye 54 - 68

**Benodigdhede:** Geen

**Vir leerder-aanbieders:** Joernale

**Voorbereiding vir klas:** Lees die sessie se notas en kies die vrae wat jy dink die beste by jou spesifieke groep pas. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les so aan te pas dat jou klas dit sal verstaan.

**Hersiening van sessie 3:** Gebruik ʼn paar oomblikke om die vorige sessie te hersien: dat ons uniek, waardevol en liefde werd is, want Jesus het gesê dat ons is; dit word nie bepaal deur wat ons gedoen of nie gedoen het nie.

**Begin sessie 4:** Die vierde feit wat Bloeiseltjie geleer het, was "Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd." Hersien wat hierdie woorde beteken. Hersien ook hoe moeilik dit vir Bloeiseltjie was om in die kokon te wees.

- Hoekom was dit nodig vir ʼn gedaanteverwisseling?
- Op wie het sy vertrou toe sy daar was? (Silwerwind)
- Verduidelik dat Silwerwind die simbool vir Jesus is.

Verduidelik ons kernteks Hooglied 8:5:

- Wat is ʼn woestyn? (Dit is ʼn droë, eensame plek, sonder baie vriende. Dit kan ook wees wanneer ons deur ʼn moeilike tyd gaan.)
- Wat beteken "vashou aan die arm"? (om staat te maak op, vertrou)
- Wanneer jy deur ʼn moeilike tyd gaan, hoe kan jy aan Jesus se "arm vashou"? Wil Hy hê dat jy dit moet doen?

- Vra die kinders om moeilike goed waardeur hulle op die oomblik gaan, terwyl hulle hul drome navolg of in ander areas, met die groep te deel. Sal Jesus hulle wil help? Hoe kan hulle Hom om hulp vra?

**Aktiwiteit:** Verdeel die studente in groepe van vyf en vra hulle om een van die moeilike goed waardeur hulle tans gaan, op te voer. Hulle kan dit met of sonder woorde doen. As daar tyd is, kan hulle hul eie agtergrondmusiek kies.

- Bespreek die maniere hoe jy gedurende moeilike tye op Jesus kan staatmaak.
- Hoe sal Jesus jou kan help?
- Help Hy jou altyd op die manier waarop jy wil hê Hy moet? Hoekom nie?
- As Hy verkies om jou op ŉ ander manier te help, beteken dit dat Hy jou minder liefhet?
- As Hy verkies om jou op ŉ ander tyd as wat jy verwag het te help, beteken dit dat Hy jou minder liefhet?

**Mensehandelverband:** Herinner die kinders daaraan dat die mense wat op hulle lys is ŉ baie belangrike deel vorm van hulle plan om veilig te wees en hulle drome te bewaarheid. Dit sal hulle ook help om op Jesus te vertrou.

**Gebedstyd:** Speel sagte instrumentale aanbiddingsmusiek. Vra die kinders om aan die moeilike tye te dink waardeur hulle gaan – dié wat hulle in die aktiwiteit uitgebeeld het of ander moeilike sake. Laat hulle dan vir Jesus vra om vir hulle ŉ prent te wys van hoe Hy hulle daardeur sal help. Laat die studente ten slotte vertel wat Hy hulle gewys het. As daar tyd is, kan hulle ŉ prent daarvan teken.

**Aanvullend tot sessie 4 vir leerder-aanbieders**

**"Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?"** (Hooglied 8:5 ABA)

*Laat 30 minute ekstra toe om die aanvullende materiaal te behandel.*

Leerder-aanbieders kan dieselfde aktiwiteit as die jonger kinders opvoer en dieselfde gebedstyd hê. Lei hulle na die aktiwiteit in ŉ bespreking oor moeilike tye waardeur hulle gaan en wat Jesus gedurende die gebedstyd vir hulle gewys het.

- Deur watter woestyntye gaan jy nou? Hoe dink jy dat Jesus jou kan help?
- Begin jy vir Jesus sien as jou geliefde? As ŉ bruidegom?
- Deel voorbeelde.
- Onthou dat *volharding* beteken om aan te hou om hard te werk, selfs al voel jy mismoedig. Hoe kan Jesus jou help om te volhard?
- Deel inligting omtrent ŉ moeilike tyd wat jy beleef het en jy geweet het dat Jesus die hele tyd by jou was. Hoe het jy gedurende hierdie tyd verander?

Laat hulle in hul joernale skryf wat Jesus aan hulle vertel het gedurende die gebedstyd. Hoe laat die feit dat jy aan sy arm kan vashou jou voel? Laat diegene wat gewillig is, lees wat hulle geskryf het.

# Sessie 5: Jesus nooi jou uit na sy "geheime plek" waar Hy jou beskerm.

**Fokus van algemene leerplan:** Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie.

**Fokus van *Sweef Hoër*-leerplan:** Jesus nooi jou uit na sy “geheime plek” waar Hy jou beskerm.

**Sessiedoelwitte is om:**

- kinders te leer dat Jesus hulle na ŉ geheime plek uitnooi, waar Hy hulle sal beskerm en sal liefhê.
- hulle te wys dat die geheime plek dwarsdeur die Bybel genoem word. Ons het die voorreg om daar te woon.
- hulle daaraan te herinner dat die geheime plek nie altyd maklik is nie, maar dit is waar Hy belangrike lesse met ons deel.

**Kernteks: “Jy is soos 'n duif tussen die rotse, 'n duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien, ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi.”** (Hooglied 2:14 ABA)

**Woordlose boekie:** bladsye 69 - 78

**Benodigdhede:** Komberse of handdoeke

**Vir leerder-aanbieders:** Materiaal, papier of ŉ stuk plastiek, joernale

**Voorbereiding vir klas:** Lees die sessie se notas en kies die vrae wat jy dink die beste by jou spesifieke groep pas. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les so aan te pas dat jou klas dit sal verstaan.

**Hersiening van sessie 4:** Gebruik ŉ paar minute om die vorige sessie te hersien: wanneer ons deur moeilike tye gaan, sal Jesus altyd daar wees vir ons.

**Begin met sessie 5:** Die vyfde waarheid wat Bloeiseltjie geleer het, was: “Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie.” Hersien wat dit beteken wanneer ons sê ons is “gebore om te vlieg”. Vra vir die kinders wat die moeilikste tye vir Bloeiseltjie was op haar reis om haar droom na te volg. Herinner hulle aan die dae en selfs weke wat sy in die kokon moes deurbring. Ruspers kan weke of selfs maande binne in ŉ kokon deurbring.

- Hoe dink julle het dit gevoel?
- Watter belangrike lesse het Bloeiseltjie van Silwerwind geleer?

Soms verkeer ons op plekke wat net so verskriklik is as wat dit vir Bloeiseltjie was om binne-in ŉ kokon te wees. Maar as ons op Jesus vertrou, sal Hy vir ons belangrike lesse leer. Jesus noem dit die “geheime plekke”.

- Lees Hooglied 2:14 ABA. Jesus nooi jou inderdaad uit na sy geheime plekke om tyd saam met Hom deur te bring.

- Lees Psalm 91:1-2 ABA: Wanneer iemand veilig wil wees by die Hoogste God, wanneer hy wil hê die Almagtige moet hom beskerm, dan sê hy vir die Here: **"By U is ek veilig, U is vir my soos 'n veilige plek in die berge. My God, ek weet U sal my beskerm."**
- Lees Jesaja 45:3 ABA: **"Ek sal vir jou die goed gee wat die ander konings weggesteek het in donker plekke. Dan sal jy weet Ek is die Here wat jou geroep het en wat jou naam genoem het, Ek is die God van Israel."** Die *geheime plek* is 'n plek van geheime; Jesus sal sy geheime aan jou openbaar. Dit is sy wysheid wat Hy in jou lewe sal openbaar.

Verduidelik dat in die Ou Testament was die Allerheiligste in die tabernakel die heiligste plek. Slegs die hoëpriester is toegelaat om daar in te gaan – en slegs een maal per jaar. Maar vandag, as gevolg van Jesus, het ons die voorreg om in die Allerheiligste te wees – die geheime plek van die Allerhoogste – net wanneer ons wil. Om die waarheid te sê, Jesus nooi ons uit om daar te rus. (Psalm 91 ABA)

**Aktiwiteit:** Gee aan elke kind 'n kombers of 'n handdoek om hulle daarin toe te maak. Laat hulle Bloeiseltjie in die kokon naboots terwyl jy daardie deel van die storie lees. Jy kan ook die kinders in spanne van twee elk verdeel. Een persoon stel Bloeiseltjie in die kokon voor, terwyl die ander een beskryf wat besig is om te gebeur. Herinner die kinders daaraan dat dit beslis nie maklik vir Bloeiseltjie was om in die kokon te wees nie. Soms is die geheime plek nie maklik nie, maar as ons vir Jesus om hulp vra, sal Hy ons help. Ons kan dan leer wat Hy by ons wil tuisbring.

Hersien Psalm 91:1-2. Beklemtoon die feit dat in die res van die Psalm word baie maniere opgenoem waarop God ons, terwyl ons in die veilige plek is, beskerm.

**Mensehandelverband:** Deur tyd saam met Jesus in die veilige plek deur te bring, word ons veilig gehou en beskerm, terwyl ons ons drome navolg.

**Gebedstyd: Laat** die kinders stil op die Here wag, terwyl jy sagte aanbiddingsmusiek speel. Vertel hulle dat Jesus hulle nou uitnooi om binne te kom en daar te bly in die geheime plek. Gaan voort om sagte aanbiddingsmusiek te speel terwyl die kinders op Jesus se uitnodiging reageer en tyd by die Here deurbring. Vra hulle daarna om te vertel wat gebeur het.

**Aanvullend tot sessie 5 vir die leerder-aanbieders:**
**"wegkruip teen die hoë rotse"**
*Laat 30 minute ekstra toe om die aanvullende materiaal te behandel.*

Lees ons kernteks vir hierdie sessie en bespreek dit met die leerder-aanbieders. Neem 'n stuk materiaal, 'n serp of 'n groot stuk plastiek en frommel dit op. Laat die leerder-aanbieders toekyk terwyl dit stadig ontvou. Sonder om woorde te gebruik, laat hulle hierdie "ontvou" van die materiaal naboots. Vra hulle hoe dit voel terwyl hulle dit doen. Hoe vergelyk dit met Bloeiseltjie se "ontvou" vanuit die kokon.

Doen dieselfde as met die jonger kinders gedurende gebedstyd. Lees die kernteks terwyl die leerder-aanbieders tyd saam met die Here deurbring. Vra hulle wanneer hulle klaar is om te vertel het wat hulle ervaar het en laat hulle dit in hulle joernale skryf.

- In ons kernteks sê Jesus: **"Ek wil jou sien, Ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi."** Hoe laat dit julle voel?
- Leer jy nou meer van Jesus, die bruidegom? Hoe het jou begrip daarvan verander sedert sessie 1?
- Watter beloftes in Psalm 91 beteken iets spesiaals vir jou? Watter verband sien jy tussen hierdie beloftes en vers 1?
- Wat is jou begrip van die geheime plek? Hoe sal dit jou in moeilike tye help?
- Hoe sal dit jou help terwyl jy jou droom navolg?

## Sessie 6: Jesus help jou om veilig en suksesvol te wees terwyl jy jou drome navolg.

**Fokus van algemene leerplan:** Hersiening en toewyding

**Fokus van *Sweef Hoër*-leerplan:** Jesus help jou om veilig en suksesvol te wees terwyl jy jou drome navolg.

**Sessiedoelwitte is om:**

- kinders te help om te verstaan dat God ʼn groot droom binne-in hulle geplaas het.
- hulle te oortuig dat as hulle tyd met God in sy geheime plek deurbring, sal Hy hulle wysheid en leiding gee om hulle te help om hulle droom te laat groei.
- hulle te leer dat Jesus in vennootskap met hulle wil gaan om hulle te help om hulle drome na te volg.

**Kernteks: "Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop! Die koning het my na sy kamer gebring."** (Hooglied 1:4 ABA)

**Benodigdhede:** Foto's van kastele in jou land (of die plek waar die staatshoof woon), kunspapier, karton, viltpenne

**Vir die sessie met die leerder-aanbieders:** Joernale

**Voorbereiding vir die klas:** Lees die sessie se notas en kies die vrae wat jy dink die beste by jou spesifieke groep pas. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les so aan te pas dat jou klas dit sal verstaan.

**Hersiening van sessie 5:** Gebruik ʼn paar minute om die vorige sessie te hersien, dat Jesus hulle innooi in sy geheime plek soos dit in Psalm 91:1 beskryf word, waar Hy hulle beskerm en liefhet.

**Begin sessie 6:** Lees die kernteks.

- Wat beteken dit om saam met Jesus te "hardloop"?

Vra twee kinders om te demonstreer hoe saam gehardloop word. Laat hulle eers apart in enige rigting hardloop. Is dit "saam hardloop"? Laat hulle dan in dieselfde rigting hardloop, maar nie teen dieselfde spoed nie. "Is dit saam hardloop?" Laat hulle laastens in dieselfde rigting en teen dieselfde pas hardloop. Verduidelik dat wanneer ons saam met Jesus hardloop, gaan ons in dieselfde rigting en teen dieselfde spoed hardloop. Ons doen dit nie op ons eie nie, maar ons is in vennootskap met Hom.

- Wat is die "koning se kamer"? (Die spesiale plek in die kasteel waar slegs die koning se familie en sy mees getroue vriende ingenooi word.)

As daar ʼn kasteel in jou land is, wys ʼn foto daarvan. Indien nie, wys ʼn foto van die woning van jou staatshoof. Verduidelik dat daar openbare plekke in die kasteel is waarheen enige persoon

kan gaan. Sekere areas is egter privaat en slegs familie en getroue vriende kan daar ingaan. In ŉ koning se kasteel is sy kamer slegs vir sy mees getroue vriende. Wanneer ons vir Jesus vra om ŉ intiemer vriendskap met Hom te hê, sal Hy ons neem na daardie area waar slegs sy mees getroue vriende mag ingaan. Dit is deel van die geheime plek waar Hy ons sal help om ons drome met sukses na te volg.

Wanneer ons tyd saam met Jesus in die geheime plek deurbring, sal Hy sy wysheid oor ons drome met ons deel. Hy sal ons wys hoe om veilig en suksesvol ons drome na te volg.

Bespreek Bloeiseltjie se droom met die kinders. Verduidelik dat God vir elkeen van ons ŉ droom gee; ons droom is deel van God se plan met ons. Laat die kinders hulle eie drome met mekaar deel. Moedig die kinders aan om respekvol, positief en bemoedigend te wees. Demonstreer hierdie gedrag deur nie negatief te wees oor die drome wat die kinders deel nie, byvoorbeeld moenie sê: "Dit sal onmoontlik wees, want ..." of "Jy kan dit nooit doen nie, want ..."

Bespreek op watter manier hulle drome hulle familie, dorp of stad en land kan help. Hoe het Bloeiseltjie se droom haar familie gehelp? En vir die ander ruspers?

Herinner die kinders daaraan hoe Bloeiseltjie vir die regte tyd moes wag voor sy kon vlieg. Verduidelik dat God ŉ perfekte tyd het vir elkeen se droom. Watter uitdaging kan hulle ervaar, terwyl hulle wag vir die regte tyd om hulle eie drome te bereik? Bespreek wat jy moet doen wanneer:

- dit moeilik raak.
- mense nie verstaan nie.
- jy nie weet of hierdie droom van God is of net jou verbeelding is nie.
- daar te veel droomdiewe is.
- jy nie geld het nie...ook nie kontakte nie...wat dan?
- jy nie slaag nie.
- Enigiets anders?

Bespreek met die kinders wat hulle kan doen terwyl hulle vir die regte tyd wag:

- Bestudeer die onderwerp van jou droom.
- Probeer ander vind wat gedoen het wat jy wil doen. Lees na oor hulle. Indien hulle nog lewe, skrywe of e-pos aan hulle.
- Bid; wat is sommige van die goed wat jy vir God kan vra?

**Aktiwiteit:** Lees Habakuk 2:1-3 ABA: **"Ek sal bo-op die muur gaan staan sodat ek ver kan sien. Miskien sien ek wat die Here vir my wil sê. Miskien antwoord Hy my vrae. Die Here het geantwoord. Hy het vir Habakuk gesê: 'Ek sal vir jou iets wys, en jy moet dit groot skryf op plat klippe, sodat almal wat daar verby hardloop, dit kan lees. Ek sal vir jou iets wys. Dit sal kom op die regte tyd. Dit sal gebeur, dit is seker. As dit nie gou gebeur nie, dan moet jy wag, want dit sál gebeur.'"** (ABA)

Herinner die kinders aan ons kernteks en die koning se kamer. Gebruik kunspapier en karton en maak ŉ skild wat nes die koning s'n lyk. Sê aan die kinders om die middel van die skild oop te los; hulle sal dit na gebedstyd invul.

M**ensehandelverband: H**erinner die kinders daaraan dat Vlieg-Vlinder-Vlieg ŉ allegorie is met spesiale lesse oor hoe om veilig en suksesvol te wees in die navolging van jou drome. Droomdiewe bestaan nie net in stories nie. Mense wat mensehandelaars is, is in werklikheid Droomdiewe.

**Gebedstyd:** Lees ons kernteks terwyl jy aanbiddingsmusiek sag speel. Sê aan die kinders dat jy hulle verlof gee om groot drome oor God te droom. Baie kinders (en sommige volwassenes ook) het toestemming nodig om dit te doen, veral as hulle nie vrymoedigheid gehad het om in hulle verlede te droom nie. Laat die kinders saggies vir Jesus sê dat hulle op sy uitnodiging om saam met Hom te hardloop wil reageer, om by sy kamer in te gaan, meer van die droom wat Hy vir hulle het wil leer, dit na te volg en hoe dit hulle familie, hulle stad of dorp en hulle land kan help. Moenie haastig wees nie en gee die kinders genoeg tyd. Jy moet hulle aanmoedig om soveel tyd as moontlik te gebruik. Herinner hulle daaraan dat Hy deur beide woorde en prente kommunikeer.

Laat die kinders hulle skilde voltooi en so wys wat Jesus aan hulle vertel het. Moedig hulle aan om prente sowel as woorde te gebruik.

**Aanvullend tot sessie 6 vir die leerder-aanbieders**
**"Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop!"**
*Laat 30 minute ekstra toe om die aanvullende materiaal te behandel*.

Vra die leerder-aanbieders wat dit is wat hulle daarvan weerhou om hulle drome na te volg. Sekerlik sal iemand sê: "Ek is bang dat ek dalk mag val." Praat oor mislukking en risiko's. Verduidelik dat jy jou droom kan navolg sonder om ŉ risiko te loop of om te misluk. Deel ŉ persoonlike verhaal vanuit jou eie lewe van hoe jy ŉ risiko geloop het en misluk het. Benadruk iets wat jy geleer het – iets wat jy andersins nie sou geleer het nie.

Laat die leerder-aanbieders hulle risiko's deel wat hulle geneem het toe hulle hul drome nagevolg het. Bespreek op watter manier hulle mag val en ook maniere waarop hulle sukses kan behaal. Is dit die risiko werd? Wat is die risiko verbonde daaraan om nie te probeer nie? Laat die leerder-aanbieders hulle waarnemings in hulle joernale neerskryf.

Bespreek die volgende vyf vrae:

1. Wat is jou droom?
2. Wat het jy nodig, sodat dit kan gebeur?
3. Wat is jou rol in die proses om jou droom te bewaarheid?
4. Wat is God se rol?
5. Wat kan ter voorbereiding gedoen word?

Lees Jesaja 61:1-3 en verduidelik aan die leerder-aanbieders dat God se gees op hulle is om hulle te help om hulle drome en doelwitte te vervul.

- Identifiseer in hierdie aanhaling die verskillende maniere waarop God jou help om dit te doen.

- Kies een of twee maniere wat jou kan help om jou droom na te volg en verduidelik hoe dit kan gebeur.

Gee gedurende gebedstyd toestemming om groot drome vir God te droom – en om hulle drome na te volg. Lees dieselfde tekste as wat vir die jonger kinders gedoen is en lees dan die vyf vrae hierbo. Bly ŉ paar oomblikke tussen die vrae stil, sodat die leerder-aanbieders tyd het om te hoor wat God vir hulle wil sê. Sluit af met Jesaja 61:1-3. Soos jy elke vers lees, vervang die voornaamwoord met die naam van jou leerder-aanbieders se name, byvoorbeeld "Dit is die Gees van die Here wat Annamart lei..."

**Aktiwiteit:** Laat die leerder-aanbieders ŉ logo ontwerp om hulle droom te illustreer. Hulle kan dit in hulle joernale doen, op ŉ rekenaar of enige ander kreatiewe medium waarvan hulle hou, gebruik. Hulle kan die antwoorde op die vyf vrae insluit of enigiets anders wat hulle droom die beste illustreer.

# Aanvullende Bronne

Bronne vir onderrig oor Hooglied deur Mike Bickle:
http://mikebickle.org/resources/category/intimacy/song-of-songs/

A Look at Love Through the Tabernacle of Moses, deur Tiffany Ann Lewis
http://www.elijahlist.com/words/html/textonly-021412-Lewis.html

# Vir meer inligting

Born to Fly International, Inc.
P O Box 664
Fort Mill, South Carolina 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

Ons webwerf het bykomende antimensehandelbronne beskikbaar en dit kan gratis in verskeie tale afgelaai word. *Sweef Hoër* is ons antimensehandel kurrikulum vir jonger kinders. Besoek ons webwerf vir meer inligting.

Al ons materiaal is gratis. Ons gee dit gratis weg sodat jy tieners en kinders in jou gemeenskap teen mensehandelaars kan beveilig. Ons kan dit slegs doen deur middel van die vrygewigheid van ons donateurs. As jy graag ŉ bydrae tot ons werk om kinderhandel te stop wil maak, kan jy dit op ons webwerf doen. Vlieg-Vlinder-Vlieg (Born to Fly) is ŉ 501c3 nie-winsgewende organisasie en alle donasies in die VSA is belasting aftrekbaar.